ONE HEART 3 – Een hart wat soekend is

Inleiding

Sondag se diens het begin met die assosiasies wat ons maak as ons sekere woorde hoor soos bv ‘Starbucks = koffie’. Gesels in julle groep oor die **assosiasies** wat eerste in jou kop opkom as jy die volgende woorde hoor:

Bybel (hoe verander dit van toe jy ‘n kind was)

Kerk (deel met mekaar dalk ‘n storie waarom dit jou assosiasie is)

God (hoe het dit oor jare in jou lewe verander)

Verlossing/redding (bring dit vir jou onserheid of sekerheid?)

Gebrokenheid (waar sien jy God in jou assosiasie?)

INHOUD & GESPREK

Wanneer ons die verhale in die Bybel lees is daar ‘n paar riglyne wat ons altyd kan help om die betekenis van die verhaal te verstaan. Die verteller/skrywer van die verhale se doel was nooit om detail inligting oor die gebeure te verskaf nie.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Die doel was meer om die kern besigheid van dit wat gebeur het te vertel, daarom beleef mens soms dat die skrywer half haastig is om by die einde van die verhaal uit te kom en dikwels van gedagte tot gedagte spring. Elke verhaal word ook met 'n spesifieke doel vertel wat beteken dat ons die verhaal eintlik in een sin sou kon opsom. Hou mens hierdie in gedagte kan dit ons baie help om die boodskap beter te verstaan.

Kom ons kyk na die volgende skrifgedeeltes en analiseer dit aan die hand van hierdie riglyne:

Skrifgedeeltes

Lukas 19:1-10 (Die verhaal wat Sondag gebruik is)

Johannes 4:5-26

Deel dalk in twee groepe en som die verhaal op in terme van die volgende punte. Elke groep kan daarna dit met die ander deel

- Kyk of julle 'n paar hoof gedagtes (die kern besigheid) van die verhaal kan neerskryf.
- Watter woorde gebruik die skrywer om klem te lê op hierdie hoof gedagtes?
- Hoe raak hierdie gedagtes deel van die einddoel/boodskap van die verhaal?
- Kan julle die boodskap in een gedagte opsom?
- Wat beteken dit vir jou en hoe gaan jy hierdie verhaal vir die ander groep kan vertel sonder om dit te lees?

_____

_____

Slot

As julle nou afsluit met gebed is daar iemand wat jy ken wat soekend is na God waarvoor julle as groep saam kan bid?

_____